

GRAAD 12 GEDIG 8
Die boodskapper – Peter Snyders

A INLEIDING

Hierdie gedig beskryf vir ons hoe dit voel om verlief te wees, veral as jy nie naby die persoon op wie jy verlief is, is nie.

Die Aandster is die helderste ster in die hemelruim. Sommige mense verwys ook daarna as die môrester. Dit is eintlik die planeet Venus, wat as die planeet van die liefde beskou word, want dit is vernoem (*named*) na die Romeinse (*Roman*) godin (*goddess*) van liefde en skoonheid (*beauty*).

B ONTLEDING

1. **Alliterasie:** “soe speels” (versreël 1)
2. **Elisie:** “dij’s” (versreël 7)
3. **Inkeping:** Versreëls 3, 4, 12 en 15 (vir beklemtoning)
4. **Kaapse Afrikaans:** ’n erkende vorm van Afrikaans wat in die Kaap gepraat word. “soe” (versreël 1) – die o-klank word as “oe” gespel.
5. **Personifikasie:** Die planeet Venus word met ’n mens vergelyk.
6. **Retoriese vraag:** strofe 1 (daar word nie ’n antwoord op die vraag verwag nie) Vir effek en beklemtoning.
7. **Simbool:** Venus is die simbool van liefde.
8. **Tipografie:** Die uiterlike bou van die gedig; hoe dit op die papier geskryf staan. Dit word gebruik om sekere gedagtes en woorde te beklemtoon. In strofe 1 word die “my” en die “jou” tipografies uitgehef (*highlighted*) deur drie tegnieke: die wit **inkeping** van die versreëls, die **kort versreëls** en die “my” en die “jou” wat telkens aan die einde van die versreëls geplaas is.
9. **Vergelyking:** “Dij is so naby/soes die helderste ster” (versreëls 5 en 6)
10. **Vrye vers:** daar is nie ’n vaste rympatroon nie.
11. **TEMA:** liefde
12. **Stemming:** speels (*playful*)
13. **Uiterlike bou:** Vier strofes. Die eerste drie strofes het vier versreëls elk (kwatryne). Die laaste versreël het slegs drie versreëls (tersine). Versreëls 3, 4, 12 en 15 word ingekeep om die woorde te beklemtoon.
14. **Innerlike bou:** die gedig begin deur na die “aandster” (Venus) te verwys wat knipoog. Dit gaan onmiddellik oor na gedagtes aan die geliefde (*loved one*). Die derde strofe verwys na die boodskap wat by Venus wag, en die laaste strofe verduidelik hoe die boodskap lyk. Daar is dus **progressie** in die gedig.
15. **Titel:** Hier word verwys na iets of iemand wat ’n boodskap bring. Die aandster/Venus is die boodskapper. Dit is **personifikasie**, want Venus word as ’n mens voorgestel (*presented*).
16. **STROFE 1:** ’n Beskrywing van die “aandster”: Venus lyk soos ’n baie helder ster. Dit is ’n simbool van liefde want dit is vernoem na die Romeinse godin (*goddess*) van die liefde en skoonheid (*beauty*). Dit is ’n konstante simbool, want dit verander nie.

Personifikasie: Die aandster knipoog (*wink*) soos 'n mens.

Die **tipografie** beklemtoon die “jou” en die “jy” (versreël 3 en 4) want die reëls is **ingekeep**. Die inkeping boots ook (*imitate*) die spreker en sy geliefde na – hulle beweeg (*move*) nader aan mekaar.

Die **s-lliterasie** (versreël 1) beklemtoon die spelerigheid (*playfulness*).

Die strofe eindig met 'n **retoriese vraag**.

Kaaps: “soe”, “daa”, “knipoog”

17. **STROFE 2:** Die twee geliefdes is nie bymekaar nie, maar die spreker sê egter dat die geliefde naby is, want hy kan aan haar dink. Daar is 'n **kontras** hier: die geliefde is so naby soos die helderste ster (wat eintlik ver is) en so naby soos 'n gedagte (*thought*) (wat vinnig is).

Vergelyking: “so naby/soes” (versreëls 5 en 6): die geliefde se nabyheid (*closeness*) is so naby soos 'n helder ster, Venus.

Binnerym (alliterasie): “**Djy** is so naby” (versreël 5) en **eindrym:** “so naby ... weg van my” (reëls 5 en 8).

Kaaps: “djy”, “soes”

Elisie: “djy's” (versreël 7)

18. **STROFE 3:** Die spreker los die boodskap (*message*) by Venus. Venus word as 'n veilige plek gesien want dit is die planeet van liefde. Ons leer waar die geliefde is: sy is by 'n aandklas (*evening class*). Dit is ook waarom hulle Venus kan sien, dis aand. Dit is maklik om die briefie te kry, want die geliefde hoef net haar hand uit te steek. Die implikasie is dat dit maklik is om die briefie te kry, alhoewel ons weet dat dit moeilik is.

Dubbelpunt: sê dat daar 'n verduideliking gaan kom.

Tipografie (inkeping): beklemtoon hoe maklik dit is om die boodskap te kry.

Kaaps: “djy”, “yt”, “stiek”

19. **STROFE 4:** Die voorkoms (*appearance*) van die briefie word beskryf sodat die geliefde sal weet watter een dit is: daar is 'n “soentjie” op die buitekant. Die **verkleinwoorde** “briefie” (versreël 13 en “soentjie” (versreël 15) wil sê dat dit 'n eenvoudige (*simple*) boodskap is.

Tipografie (inkeping) (die laaste versreël). Dit skep die idee dat die soen op die omslag in die oop wit spasie gegee word. Die boodskap is belangrik, maar ons weet nie wat dit is nie. Tog, die soentjie bevestig (*confirms*) liefde, die spreker verklaar sy liefde, so dit is 'n **liefdesboodskap**.

C WOORDVERKLARINGS

1. **Aandster** (*evening star*)
2. **vonkel** (*shines, glitters*): blink, skyn helder
3. **knipoeg** (*winks*): knipoog
4. **spoed** (*speed*)
5. **boodskap** (*message*)
6. **omslag** (*cover*)